DEEL 114 | WEEK 30 | 29 JULIE 2022 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# HEILBRON SILO'S LOOP OOR

Hoewel die 2021/22 plantseisoen goeie opbrengste gelewer het, het die seisoen steeds sy eie uitdagings aan die boere gelewer. Nie net was dit een van die natste jare met meer as 800mm reën tot dusver nie, maar diesel, kunsmis en onkruiddoder se pryse wat die hoogte in geskiet het, het ook 'n groot rol gespeel. Talle boere het as gevolg van die reën laat begin stroop en daar was boere wat in Julie steeds nie hul sojabone kon stroop nie. Hektare het verlore gegaan deur landerye wat onstroopbaar was en sojabone wat oopgespring het.

" 'n Misoes gebeur nie net as daar droogte is nie, te veel reën kan ook 'n misoes veroorsaak'', so vertel 'n boer van die Heilbron distrik.

Die nuwe probleem wat boere in die gesig staar is die feit dat die silo's in Heilbron vol is en dat boere wat nie kontrakte het nie hul graan na 'n volgende dorp sal moet neem. Pieter Buitendag, bestuurder van Senwes Silo's Heilbron, sê dat die soja se berging vol is weens 'n bogemiddelde opbrengs. "Waar daar laasjaar net 12 700 ton soja was, het die jaar 21 400 ton soja opgelewer." Hy vertel ook dat hulle tans besig is met uitlaai instruksies om spasie te maak vir graan. Daar is ekstra spasie gemaak vir 2 400 ton witmielies waarna dit vol sal wees. Tans is daar net 800 ton spasie vir geelmielies beskikbaar vir boere wat wel kontrakte met Senwes het. Pieter vertel dat sou die silo's vol raak vir boere wat kontrakte geteken het, sal hulle geskuif moet word na Hoogte. 'n Vervoer differensiaal word dan by die boere vereis sou hulle na Hoogte geskuif word. Boere met geen kontrakte nie sal die opsie hê om hul graan na Hoogte, Gottenburg,VKB, Petrus Steyn of Frankfort toe te neem. Behalwe vir Heilbron se silo's is Tweeling s'n ook vol, maar is daar voorsiening gemaak deur "bunkers" op te slaan om boere te akkommodeer.

Jean Volschenk, bestuurder by VKB Frankfort silo, vertel dat hulle nog genoeg plek het om boere te akkommodeer, maar wel ook voorsiening gemaak deur 'n "bunker" op die perseel op te rig. Jean voeg by dat boere enige tyd welkom is om hul graan by die silo's te kom lewer.

# BOERE SOEK OPLOSSINGS TEEN MISDAAD

"Ons as boere wil saam met die polisie werk, ons wil deel van die oplossing wees." Dit is die woorde van Bertus van der Westhuizen, voorsitter van Transvaal Landbou Unie Suid Afrika van die Vrystaat, by die vergadering wat Woensdag, 27 Julie plaasgevind het. Met onlangse veediefstal en misdaad wat toeneem, het boere in die gemeenskap hulle klagtes aan Generaal Makobe geopper. Dit kom nadat landelike beveiliging 'n vergadering met die Generaal en polisielede asook talle boere gereël het. Die boere het hulle ongelukkigheid teenoor die polisie uitgespreek en het antwoorde op hulle vra vereis. Een van die hoofonderwerpe is die feit dat daar amper nooit polisievoertuie beskikbaar is wanneer 'n klag ingedien word nie. Kameras is ook een van die onderwerpe waaraan die boere voel aandag gegee moet word. Mnr. Koos Engelbrecht het in die vergadering glad nie sy mening teruggehou nie en het sy ondervinding met die Zamdela Polisie meegedeel. Die onsteltenis was duidelik in sy stem te hoor en almal kon aanklank vind met sy verhaal wat hy vertel het. 'n Boer in die vergadering het ook aan die Generaal gevra hoe lank die tydperk neem vir 'n ondersoek na 'n saak aangemeld is en bevraagteken oor hoe 'n swendelaar sy kontakbesonderhede in die hande gekry het en hom beloof om sy vee terug te kry mits hy 'n bedrag aan hom uitbetaal. Na al die boere hul klagtes geopper het en skriftelike klagtes ingedien is, het Generaal Makobe die boere toegespreek en verduidelik dat hy nie op die huidige oomblik elke vraag kan oplos nie, maar wel antwoorde kan gee vir die vrae. Hy vertel dat die polisie se begroting met R65 mijloen gesny is en dit veroorsaak dat daar probleme is met voertuie en mannekrag. Daar is ook gereël dat die Landelike Beveiligingsgroep saam met die polisie en boere weeklikse vergaderings sal hou. Generaal Makobe sal die vergaderings bywoon en terugkom met antwoorde vir die boere se klagtes.









# Uit die pen: Week 30 van 2022



So gebeur dit ook dan dat ons soms vir 'n paar dae lank vergaderings of werkswinkels moes hou. Partykeer by effense dodgy plekke, ander tye was dit redelik lekker.

Met ons heel eerste lang vergadering ontmoet ek 'n kollega wat my Boesemvriendin sou word. Haar eerste woorde aan my was: "En wat doen jy by die huis wat lekker is?"

Ons begin gesels oor teken en verf en musiek en resepte en patrone en ons het nogsteeds nie klaar gesels nie. Elke 10 dae of so het ons 'n heerlike telefoongesprek waarin ons opvang wat in mekaar se lewens gebeur het. Ons sien mekaar heeltemal te min na my sin.

'n Ander keer moes ons saam met Vingerklappende kollega (onthou jy: ek het so twee weke gelede van haar vertel, alhoewel ek haar eerder sou wou vergeet het) by 'n plek naby Bloemfontein tuisgaan terwyl ons besig was met ons jaarlikse beplanning.

Soos vorige keer beskryf, weet vingerklappende kollega altyd beter. Alles is ook lekkerder en erger by haar. As jy kla van hoofpyn het sy sweerlik 'n breingewas. Sy is mos die ene wat vertel het dat die Groot Gat van Kimberley nie die Grootste Gat van Kimberley was nie. Lui dit 'n klokkie?

Iedergeval, ek en Boesemvriendin bly in kamers langs mekaar, en Vingerklapper so paar kamerdeure van ons af. Ons probeer haar regtig vermy (seker nie die slimste ding om te doen nie). Ons besluit dat daar 'n fliek is wat ek en Boesemvriendin graag wil gaan kyk, synde daar op onse dorpies nie 'n fliek is nie.

Met middagete hoor Vingerklappende kollega dat ek en Boesemvriendin wil gaan fliek. Die gesprek verloop as volg:

"En waste lekker fliek wil julle tweetjies gaan kyk, mmm?"

"Die Wonderwerker wys hier naby," sê ons.

Sy het 'n oomblik geneem om haar volgende sin te formuleer.

"Julle weet natuurlik dat dit 'n vreeslike diep fliek is oor Eugene Marais, nê?"

"Umm, ja, dis hoekom ons dit wil gaan kyk."

"Julle weet natuurlik die fliek heeltemal te diep is vir julle twee, nê?"

Die twee van ons is sprakeloos vir Vingerklappende kollega. Die wind totaal uit onse seile.

Ons druk deur en gaan kyk hoe Eugene Marais die miere bestudeer het, die bobbejane ge-mesmeraais het en op morfientrips gegaan het. Die volgende oggend was dit al waaroor ons aan die etenstafel gepraat het. Natuurlik met Vingerklappende kollega binne hoorafstand. Ons het ook sommer die simboliek in die fliek ontleed, tesame met die toneelspel en die gehalte van die draaiboek, kamerahoeke en natuurtonele wat bygedra het tot die ambience van die fliek.

Tot ons groot vermaak.

Op 'n ander geleentheid gaan drie van ons (gelukkig met 'n ander Pragtige kollega, nie die Vingerklappende ene nie) na 'n plek wat eens op sy tyd 'n uithalerhotel in Bloemfontein was. Blykbaar is die hotel oorgekoop deur een of ander hoë persoon in die regering en hy het 'n kontrak gehad dat werkswinkels daar aangebied moet word.

Die blyplek is amper gangbaar, die kamers wil-wil na rook ruik, die kos is lekker en die geselskap nog lekkerder.

Ek, Boesemvriendin en Pragtige kollega gebruik elke teetyd en middagete om heerlik te lag en te skater om die week net effens lekkerder te maak.

Soms druk ons verkeerde knoppies in die hysbak en kom laggend op 'n vreemde vloer te lande. Ander kere prop ons handevol lekker tertjies in ons borde en gaan sit in die tuin om dit te eet terwyl die ander om tafels moet swoeg. Ter verdediging: Ons was redelike vinnige en noukeurige werkers.

Ons gril vir die plekke wat nie gewas is nie, en waar die stof in dik jaarringe lê. Dit laat my dink aan my tante, jare gelede, wat die woord "Mieta" in die stof op haar eetkamertafel geskryf het. Mieta was veronderstel om daar af te stof. Wanneer sy dan haar naam op die tafel gesien het, het Mieta geweet dat sy iewers 'n stoflap misgeloop het.

Mens kon agterkom dat dit nie meer die ghrênd hotel van ouds was nie.

Een middag gaan sit ons op 'n klipmuurtjie by die parkeerarea. Daar word wyd geadverteer dat die parkeerarea vol sekuriteit is, maar ons sien geen wag nie. Nie een by die inkomhek nie, en ook nie by die uitgaanhek nie.

Die klipmuurtjie is heerlik warm gebak en ons geniet die hitte.

Ons bespiegel dat niemand gaan agterkom indien 'n motor vanuit die parkeertare gesteel gaan word nie.

"Kyk!" sê Boesemvriendin. "Hier is 'n stokou kamera wat glad nie werk nie."

Sy wys na die half lendelam kamera wat teen 'n paal, nie hoog bo ons koppe nie, hang.

Pragtige kollega trek die kamera sonder veel seremonie nader en druk dit in Boesemvriendin se gesig.

"Smaail vir die kamera, smaail mooi!"

Boesemvriendin glimlag mooi en ons lag ons weer slap vir ons kinderagtige spelery.

Dis nie drie minute nie, toe staan daar twee sekuriteitswagte, kompleet met uniforms, knuppels en 'n tweerigtingradio langs ons. Ek lag uit pure senuweeagtige dankbaarheid: dit was nie my bakkies wat op die kamera was nie.

"Kan ons julle help?" vra ons vriendelik.

Hulle wil net weet wie die mense is wat so met hulle sekuriteitskameras speel? Dit is nie ons eiendom nie, dit is die hotel s'n, en as dit nodig is, sal hulle teen ons moet optree.

"Soos in hoe optree?" wil ons weet.

Ons word (nie so) vriendelik genooi om saam met hulle te stap na die beheerkamer toe.

O, gonna, dink die ander twee, nou is ons is die moeilikheid. O, lekker, dink ek, nou gaan ek sien hoe 'n beheerkamer van binne-kant af lyk.

Die beheerkamer is in die middel van die grondvloer van die hotel. Dis 'n nuwe wêreld wat vir ons oopgaan: ons maak vriende met die sekuriteitsmense en hulle wys ons wat op hulle CCTV skerms aangaan.

Groot vriende gaan ons uit mekaar, nogtans effens dankbaar dat ons nie in groter moeilikheid beland het nie.

# ATTENTION DEFICIT HYPERACTIVITY DISORDER

• ***Heilbron Clinic***

ADHD also known as Attention Deficit Hyperactivity Disorder is a combination of impulsivity and/or hyperactivity. It is one of the most common disorders that develop in children and can continue through adolescence and adulthood. Children with (ADHD) struggle to function well in many settings, including home, school and relationships with peers. If untreated, the disorder can have long term adverse effects in adolescence and adulthood.

**Signs & Symptoms of Attention Deficit Hyperactivity Disorder (ADHD)**

**Symptoms include:**

• **Impulsivity:** a child who acts too quickly without thinking first.

• **Hyperactivity:** a child who cannot sit still but walks, runs or climbs around when expected to be seated and talks when others are talking.

• **Inattention:** a child who daydreams or seems to be in another world, is distracted by what is going on around him or her.

Inattention, hyperactivity and impulsivity are the key behaviours of Attention Deficit Hyperactivity Disorder (ADHD). It is normal for all children to have these behaviours sometimes but for children with Attention Deficit Hyperactivity Disorder (ADHD), the behaviours are more severe and occur more often. To be diagnosed with the disorder, a child must have symptoms for 6 months or more and to a degree that is greater than other children of the same age or developmental stage.

What causes Deficit Hyperactivity Disorder (ADHD)?

• **Genes:** Researchers are looking at several genes that may make people more likely to develop the disorder.

• **Environmental factors:** Studies suggest a potential link between mothers smoking or using alcohol during pregnancy and Attention Deficit Hyperactivity Disorder (ADHD) in children. In addition, children who are exposed to high levels of lead may have a higher risk of developing Attention Deficit Hyperactivity Disorder (ADHD).

• **Brain Injury:** Children who have suffered a brain injury may show some behaviour similar to those of Attention Deficit Hyperactivity Disorder (ADHD).

How is Attention Deficit Hyperactivity Disorder (ADHD) treated?

Currently, available treatments focus on reducing the symptoms of Attention Deficit Hyperactivity Disorder (ADHD) and improving functioning. Treatments include medication, various types of psychotherapy, education or training, or ideally a combination of treatments.

• **Medication:** In children with Attention Deficit Hyperactivity Disorder (ADHD), medications reduce hyperactivity and impulsivity and improve their ability to focus, work and learn.

• **Psychotherapy:** Different types of psychotherapy are used for Attention Deficit Hyperactivity Disorder (ADHD). Behavioural therapy aims to help a child change his or her behaviour. It might involve practical assistance, such as help organizing tasks or completing schoolwork or working through emotionally difficult events. Behavioural therapy also teaches a child how to monitor his or her own behaviour. Such programs should include help and support for caregivers and teachers in assisting the child.

Prevention of Attention Deficit Hyperactivity Disorder (ADHD)

Preventive measures to reduce the incidence of Attention Deficit Hyperactivity Disorder (ADHD) are not limited to reducing substance abuse in pregnancy. Early detection and intervention can reduce the severity of symptoms, decrease the interference of behavioural symptoms on school functioning, enhance the child's normal growth and development, and improve the quality of life experienced by children or adolescents with Attention Deficit Hyperactivity Disorder (ADHD). For help and more information. Contact your nearest clinic, hospital or health care provider.

# TER RUSTE GELÊ



*† Coena Janse van Rensburg is die 10de Julie 2022 oorlede in die ouderdom van 79 jaar. Hy is Donderdag, 14 Julie begrawe vanuit die NG Kerk Heilbron-Suid. Hy laat na sy kinders, kleinkinders, familie en vriende.*



*† George Ferreira is die 7de Julie 2022 oorlede in die ouderdom van 79 jaar. Hy is Vrydag, 15 Julie begrawe vanuit die Gereformeerde Kerk, Heilbron. Hy laat na sy kinders, kleinkinders, familie en vriende.*



*† Magdalena Hendrina (Lena) Nienaber is die 15de Julie oorlede in die ouderdom van 60 jaar. Sy laat na haar eggenoot en kinders.*

POSTNET
HEILBRON
**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30 | **Saterdae:** 09:00 -12:00
*Elsstraat 42, HEILBRON • Tel: 058 853 0006*

# MANDELA DAG HOEF NIE NOODWENDIG OP 18 JULIE PLAAS TE VIND NIE




*Op die foto vl: Karabo Moeketsi, Mojaki Morake, Dijeng Dikhole, Bula John Monyamane, Montsheng Molapisi, Jonas Thapeli, Josephine Chaane, Miriam Morake, Nomshado Matekane, Sergeant Sibongile Molapisi.*

Op die 27ste Julie het die polisie besluit om die gemeenskap van Heilbron te nader om 67min van hulle tyd te spandeer aan 'n staptog teen geweld. Die staptog is gelei deur me Molapisie van die Heilbron Polisie en het plaasgevind vanaf Multi Purpose tot en met Sediba-Thuto Skool. Tydens die staptog is water wat deur die Heilbron Herald, Oasis en Wiltess Begrafnisonderneming geskenk is, uitgedeel. Molapisi het ook mense in die strate van Phritona aangemoedig om saam te stap. Aan die einde van die staptog het Molapisi en diegene wat saamgestap het 'n gesprek gevoer oor geweld wat in die gemeenskap plaasvind, veral onder ouer mense. Hulle is ingelig oor watter geweld die meeste voorkom by ouer mense en ook wie om te kontak indien hulle enige geweld ondervind. Mense het die inligting ter harte geneem.

















Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak

**HENDIE LÖTTER**

by 058 852 3033 of epos heraldnuus@heilbron.co.za



# BRONNIE SLIM-KOPPE - TOP 5



*Graad 4: 1. Elné du Plooy 97,33%, 2. Caitlin Rietchard 86,33%, 3. Elizma Meiring 85,83%, 4. Amor J v Rensburg 83,67%, 5. Marlien Baan 83,67%.*



*Graad 5: 1. Elzeri Combrink 96,17%, 2. Riëtte Steyn 95,50%, 3. Elsené vd Merwe 94,83%, 4. Lisa Rheeder 91,17%, 5. Chrizette Greeff 86,83%.*



*Graad 6: 1. Gerrit du Plooy 88,67%, 2. Jeanette Victor 87,33%, 3. Lee-Anne Viviers 84,50%, 4. Ernest Scheepers 80,17%, 5. Jannie Els 79,67%.*



*Graad 7: 1. Noeline Gavin 84,22%, 2. Chanelle Els 84,56%, 3. Aljane Zitzke 81,11%, 4. Rikus Bronkhorst 77,44% 5. Danelri Mocke 75,33%.*



*Graad 8: 1. Franco Roos 80,44%, 2. Cariska J v Rensburg 75,89%, 3. Sumari Steyn 72,78%, 4. Dihan J v Rensburg 71,00%.*



*Graad 9: 1. Johanri Pretorius 86,22%, 2. André Viviers 84,78%, 3. Carli Rochat 84,56%, 4. Kayla Bosman 82,44%, 5. Zelmari Zitzke 74,78%.*



*Graad 10: 1. Michaela Grobler 81,14%, 2. Motsilisi Semela 76,57%, 3. Madaleen de Beer 73,57%.*



*Graad 11: 1. Robinho van Schalkwyk 82,43%, 2. Wessel Steyn 79,29%, 3. Stean Lategan 78,71%, 4. Beanke Nagel 71,00%.*



*Graad 12: 1. Mbali Malindi 83,71%, 2. Anica Grobler 79,71%, 3. Jane J v Rensburg 76,43%, 4. Bart Steijn 72,43%, 5. Alden Peach 71,43%.*

# PHITSHANA LEANERS TAKE PART IN SPELLING BEE



*The following three learners from Phitshana Public School participated in Spelling Bee in the local library. They have gone to the next stage. The school thanks teachers who helped learners to realize their potential under the tutelage of Me MM Kheswa.*


SIEN JULLE VOLGENDE VRYDAG!
FREE WIFI
Jenny
5 AUGUSTUS '22
Boeretreat
CLASSIC
WEBER & HBA STASIE
VEILING KINDERVERMAAK
GHOLFBAAN
UITSTALLERS
KOSSTALLETJIES
DAGPROGRAM
08:00 HEKKE OPEN
09:00 GHOLF - REGISTRASIE [IVECO-VERHOOG]
09:30 OPENING BY DIE IVECO STAGE
10:00 "SHOTGUN" - GHOLFAFSLAAN
17:00 PRYSUITDELING - HOOFTENT
17:30 - 18:30 FATMAN - HOOFTENT
18:30 - 19:00 VEILING - HOOFTENT
19:15 - 20:00 HERMAN KLEINHANS
20:00 - 21:00 RIAAN BENADÉ
23:00 KAARTJIE VERKOPE SLUIT
23:30 KROEG SLUIT
VRYDAG [5 AUGUSTUS 2022] | HEKKE OPEN 10:00
VOLWASSENES R150 | HOËRSKOOL & PENSIONARISSE R100 | LAERSKOOL GRATIS
KAARTJIES SAL BY DIE HEK BESKIKBAAR WEES
Herman Kleinhans
Riaan Benade
Fatman
heilbron@boeretreat.co.za
Heilbron Gholf Klub
/heilbronboeretreat
www.boeretreat.co.za

# HUIS BRON-VAN-HEIL VIER "CHRISTMAS IN JULY"



Die Tuinbouklub het op 21 Julie die inwoners van Bron van Heil verras met 'n "Christmas in July" tema tee. Die projek is 'n uitreikprojek wat die tuinbouklub al twee jaar behartig. Nellien Scheepers, voorsitter van die Tuinbouklub en haar mede-tuinboulede het hard vanaf Maandag gewerk om koekies en verskeie eetgoed gereed te kry vir dié spoggeleentheid. Die lede van die Tuinbouklub het mooi Kersfees versierings op die tafels gesit wat almal se harte 'n warm Kersfeesgevoel laat kry het. Die inwoners het elk ook 'n boksie met koekies ontvang as kersgeskenk. Inwoners van die huis het die boksies en geselsies ten volle geniet.








Postal address: PO Box 359
Physical address: Liebenbergstrek
**PARYS**
9585
Tel: +27 (0) 56 811 2131
Fax: +27 (0) 56 811 2046
e-mail: jordaanr@ngwathe.co.za

**OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER**

Our Ref: Indigent/2021-23

**MEDIA STATEMENT**

**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY INDIGENT REGISTRATION 2021/2023**

This media statement is issued to give clarity on indigent subsidies and registration to the community of Ngwathe Local Municipality, in terms of the Indigent Policy of Council, community members are encouraged to re-register for indigent subsidies after two years. The cycle of the current two years started from 1 July 2021 and will end 30 June 2023. We however delayed the implementation of the new indigent register due to the low turnout rate of new registrations. We have to date received about 6,000 new applicants as compared to the previous year approved indigent register of about 11,800 applicants.

The new indigent register was only implemented on 20th June 2022, thus mean the indigent customers who did not apply or renew their indigent status from September 2021 were removed from the register. We encourage all qualifying indigent households with the threshold of total income to the maximum of R4 500 per month to apply and check their application status at their nearest municipal offices.

Yours faithfully

**Me. F Mokgobu**
**Acting Municipal Manager**

# HEERLIK SAAM GESKERTS

Dertig Huppel Trippelaars is ontvang met 'n glasie sjerrie by Dinsdag se saamkuier. Oor 'n koppie lekker warm sop en 'n broodjie is daar geskater vir die oortuigendste liegstories wat opgedis is. Die stories het begin by die Voortrekkers van desjare, regdeur stories van oud-Heilbronners; en geeïndig by 'n Vaaljapie-trekkertjie wat weggesak het in Frankfort se sandgrond. Dit is vertel as die absolute waarheid...

Op 9 Augustus gaan die groep hulle 67 minute vir welwillendheid doen deur die omgewing by Huis Bron-van-Heil se hek skoon te maak

Dit was heerlik om 'n hele handvol dorpenaars onder die gaste te hê. Kom gerus volgende keer weer!





*Op die foto vl: Helgard Claasen, Sylvia Meades, Heleen Mouton, Jan van Zyl en Gert Hancke.*

# KENNISGEWINGS

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late
Surname: **AUCAMP**
First names: **DIRK JOHANNES**
Estate number: **006009/2022**
Identity/passport number: **540112 5010 087**
Date of death: **19/06/2022**
Last address: 100 Raubenheimer Street, Heilbron, 9650
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**In case of a marriage in community of property:**
First Names and Surname of Surviving Spouse:
**JUDITH AUCAMP**
Identity/Passport Number: **570309 0026 083**
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**P.O. BOX 205 / 591**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**DATE SUBMITTED: 2022/07/20**

## LOST OF DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **T5724/1986** passed by
**ESTATE LATE SAMUEL JACOBUS DE BEER**
**ESTATE NO. 633/85**
In favour of
**ANNA MARIA JACOBA DU TOIT**
**Identity number 380103 0009 003**
Unmarried
In respect of:
**1. REMAINDER OF THE FARM UITKYK 1037, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT 83,9619 (EIGHTY THREE comma NINE SIX ONE NINE) SQUARE METRES**
**2. REMAINDER OF THE FARM KROONENBLOEM 1038, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT 91,4727 (NINETY ONE comma FOUR SEVEN TWO SEVEN) SQUARE METRES**
**HELD BY DEED OF TRANSFER T5724/1986,**
which has been lost of destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at Heilbron on this 27th day of July 2022
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN PROKUREURS**
**58 PIERCE STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za.**
**MYB3/0003/JHJ/ldup**

## LOST OF DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **T49648/2000** passed by
**HEILBRON / PHIRITONA TRANSITIONAL LOCAL COUNCIL**
In favour of
**MICHAEL SABATA MOSIA**
**Identity number: 670115 5243 089**
**Unmarried**
In respect of:
**ERF 538 SANDERSVILLE (EXTENTION 3), DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT 376 (THREE HUNDRED AND SEVENTY SIX) SQUARE METRES**
**HELD BY DEED OF TRANSFER T49648/2000,**
which has been lost of destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at Heilbron on this 20th day of July 2022
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN PROKUREURS**
**58 PIERCE STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za.**

## KENNISGEWING

**GOTTENBURG/SLOOTKRAAL BRANDBESKERMINGS-VERENIGING**

**NEEM KENNIS VAN DIE JAARVERGADERING VAN**


GOTTENBURG/ SLOOTKRAAL BRANDBESKERMINGS-VERENIGING VERGADERING WAT GEHOU SAL WORD

**DATUM: 11 AUG. 2022**
**TYD: 15:00**
**PLEK: BOERESAAL BY HEILBRON GHOLF KLUB**

**Dan net die volgende: Daar moet geherorganiseer word. LET WEL, indien ons nie daarin slaag nie word ons deur die Departement gederegistreer.**

**Navrae:**
**Marais Breytenbach: 079 874 8849 of**
**Elsabé Engelbrecht: 082 308 6797**


## Petrus Steyn Internet



Vinnige Wireless Internet, installasies en diens, beskikbaar in Petrus Steyn en nabygeleë plase.
Kontak ons vir enige navrae of bystand: 071 608 7909

## We've got your back!

Give your back the right buddy!



| | |
|---|---|
| Medium Back Chair | High Back Chair |
| Swivel & Tilt Mechanism | Swivel & Tilt Mechanism |
| 100 KG Weight Limit | 100 KG Weight Limit |
| Black Mesh Fabric | Black Mesh Fabric |
| PU Arms | PU Arms |
| R1850 | R2100 |

Office National
finance@heilbron.co.za | 058 852 3033
*Catalogue available on request.*




# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R




## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

## BLOEDSKENKDATUMS - 2022



**27 September 2022**
**29 November 2022**

## POSTNET HEILBRON

**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**

- **STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00**
- **PREMIUM - 5 HOURS – R255.00**
- **PRIORITY - 2 HOURS – R395.00**

Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.

PostNet Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za

# SMALLS

# EIENDOMME

## VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

**Vir die beste transaksies en diens**

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# TE HUUR

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

## WINKELURE

**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

HERALD Sport

# HARDE WERK LÊ VOOR BY ROLBAL

Met die lente wat lê en loer is al die rolbalklubs besig met beplanning vir die jaarlikse instandhouding van hulle onderskeie bane.

Voordat ons oor die harde werk praat is dit ook nodig om te spog met ons mansspan, Rudi Jacobs, TL de Waal, Edward Muller en Derrick de Gouveia. Hierdie vier manne het uitstekende rolbal gespeel tydens die Vierhoek kompetisie in Welkom en wen hulle seksie met 'n goeie punte verskil.

Groot werk word beplan vir hierdie jaar. Maandag 15 Augustus word die baan gesluit vir spel waarna die groot werk gedoen sal word.

Eerstens sal die baan "gescarify" word en daarna sal "hollowtyne" gedoen word. Dit is die proses waar baie gaatjies in die baan getrap word met spesifieke toerusting en hierdie jaar sal 'n voorgeskrewe mengsel van kompos as organiese voeding op die baan gegooi word voordat die baanoppervlak gelyk gemaak word met sand.

Dankie aan Eben Claassen van JCB wat vir ons grondmonsters geneem het vir analisering.

Rolbalspelers sal vir ongeveer 2 tot 3 weke gefrustreed by die huis sit terwyl hulle wag vir die baan om weer vir spel gereed te wees.

Hierdie werk is alles ter voorbereiding van die nuwe rolbalseisoen om seker te maak die baanoppervlak is in 'n uitstekende toestand vir spel.

Goeie nuus is dat hierdie jaar se besigheidsliga reeds beplan word en daar word voorsien dat hierdie jaar 'n ekstra groot "jol" gaan wees.



*Op die foto voor vl: Rudi Jacobs en TL de Waal. Agter vl: Edward Muller en Derrick de Gouveia.*

DEPRESSIE

Tipes:

Algemene simptome:

Natuurlike aanvullings:
- Omega 3
- Vitamien D en B's

Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
ACC 600
10 Effervescent tablets
R149.95
R139.95
R94.95
Epi-Max
400g + 125 Tub
Value Pack
R54.95
Calpol
Paediatric
Suspension 100ml
063 721 4950 087 527 0723

BETREKKING

INSTALLEERDER

Kandidate moet beskik oor die volgende vaardighede: staaldam-oprigting en die installasie van sementdam- en gronddam-voerings. 'n Bestuurderslisensie sal in u guns tel.

RSA
Grain Storage Solutions

clearing@rgss.co.za
082 611 0589

TELWIEDRE-VOERE

**VACANCY**
**POSITION: QUALITY CONTROLLER**

We are currently seeking for a highly skilled, reliable, self-motivated Quality Controller to join our growing team

**REQUIREMENTS AND QUALIFICATIONS**
- A BSc Agric Animal Science or any B.Sc. degree will be an advantage, but not compulsory.
- Experience in a similar position will be an advantage.
- Computer literacy is a must (Excel, Power Point and Word).
- You will be expected to communicate fluently in Afrikaans and English.
- The person should be self-driven and motivate himself/herself within the company.
- The person must be a team player.

**RESPONSIBILITIES:**
1. Managing laboratory staff, Health and Safety, Processes and Administration
2. Working in the quality assurance system within the factory and Audit preparations.
3. Monitoring and reporting the general quality of raw materials and final product.
4. Record various sample results as received from suppliers.
5. Manage moisture tests, effectiveness of mixing, bunker rotation, salvage samples, pest control, biosecurity and Kemin dusting.
6. Validation and arraigning of servicing equipment
7. Keep record of scale calibrations

**CLOSING DATE: FRIDAY, 05 AUGUST 2022**

**THOSE INTERESTED:**
Email your resumé, cover letter and copy of degree to, admin@telwiedre.co.za ASAP.

AFMA

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 01 AUGUSTUS 2022**

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

**DINSDAG -02 AGUSTUS 2022**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

MTONJANENI Maandelikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

ARLINGTON 2 Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

**WOENSDAG - 03 AUGUSTUS 2022**

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

WARDEN: BLOUBERG & SANLEO SIMBRA BUL VEILING
30 Top Simbra Bulle
11:00, Warden veilingskrale
Kontak Bennie van der Merwe 082 414 4228

BLOEMFONTEIN: NASIONALE SAVM VEILING
80 Uitsoekramme, 34 dragtige ooie & 23 oop jong ooie
11:00, Bloemskou
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

**DONDERDAG - 04 AUGUSTUS 2022**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Hoenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

KAALLAAGTE Jaarlikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

VREDE: KEEVERSFONTEIN ROOI BRANGUS VEILING
30 Bulle
150 Dragtige verse
11:00, Vrede Vrystaat
Kontak Jan Mostert 083 306 8408

**VRYDAG - 05 AUGUSTUS 2022**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Mamus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

FOURIESBURG ZINABOS BONSMARA 33ste PRODUKSIE VEILING
60 Bulle
67 koeie (dragtig/met kalf)
95 komm. koeie (dragtig/met kalf)
20 dragtige verse
15 speen verse
11:00, Hoogland, Fouriesburg
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

**SATERDAG - 06 AUGUSTUS 2022**

OTTOSDAL OVERVAAL ILE DE FRANCE 23ste KLUB VEILING
50 geregistreerde ramme
90 geregistreerde ooie
250 komm. ooie
11:00, Ottosdal Skougronde
Kontak Diaan Nieuwenhuis 083 636 2314

www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830